# AFRIKANERNASIONALISME EN ENGELS -- 'N KORTSTONDIGE BELEIDSAFWYKING EN DIE AGTERGROND DAARVAN

**J.C. Steyn**
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

**Afrikaner nationalism and English: a brief policy deviation and its background.**

Afrikaner nationalism - of which the Nationalist Party was the most important exponent - has an impeccable record in one respect. During the reign of that party the language rights of the English-speaking population were never curtailed; neither was it the policy of the party as opposition party to do so. An exception occurred in the early 1940's. A few organisations such as the Ossewa-Brandwag were in favour of Afrikaans as first official language (and English as second language). In 1942 the Nationalist Party announced a draft constitution for a future republic. The language provision in the draft read that as Afrikaans was the language of the original white inhabitants of the country, it would be the first official language. English was regarded as a second or supplementary official language which would be treated on a basis of equality and would enjoy equal freedom, rights and privileges with the official language in all situations where such treatment was deemed by the state authority to be in the best interests of the state and its citizens. This article was criticized by the most important N.P. mouthpiece, *Die Burger,* as well as *Die Volksblad* and *Die Oosterlig,* because it would be tantamount to injustice to the English-speaking sector. Within a few months the proposed language provision was repudiated by the party leader, Dr. D.F. Malan, and Transvaal leader, Mr. J.G. Strijdom. The article sketches the pro-Republican activities of the period, the pronouncements about official languages and the political and language background against which these pronouncements should be evaluated.

Afrikanernasionalisme - waarvan die Nasionale Party die vernaamste draer op politieke terrein was - het in een opsig 'n onbesproke rekord. Terwyl die Nasionale Party aan bewind was, is die taalregte van Engelssprekendes nie ingekort nie. Dit was ook nooit die beleid van die party as opposisieparty om so iets te doen nie. 'n Uitsondering vorm die vroeë 1940erjare. Enkele organisasies soos die Ossewa-Brandwag en sommige Nasionaliste was ten gunste van Afrikaans as eerste ampstaal. In 1942 het die Nasionale Party 'n "ontwerp-grondwet" vir 'n toekomstige republiek bekend gemaak waarvan die taalbepaling as volg gelui het: "Afrikaans as die taal van die oorspronklike blanke inwoners van die land, is die eerste amptelike taal. Engels word beskou as 'n tweede of aanvullende amptelike taal, wat op 'n voet van gelykheid behandel word en gelyke vryheid, regte en voorregte geniet met die amptelike taal, oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag beoordeel word as in die beste belange van die staat en sy inwoners." Hierdie artikel is gekritiseer deur die vernaamste N.P.-mondstuk, *Die Burger,* asook *Die Volksblad* en *Die Oosterlig,* omdat dit op onreg teenoor die Engelssprekendes sou neerkom. Binne enkele maande is die voorgestelde taalbepaling deur die partyleier, dr. D.F. Malan, en die Transvaalse leier, mnr. J.G. Strijdom, gerepudieer. Die artikel skets die pro-republikeinse bedrywighede van die tydvak, die uitsprake oor amptelike tale en die politieke en taalagtergrond waarteen hierdie uitsprake beoordeel moet word.

Hierdie artikel kom voort uit 'n projek waarvoor die Sentrale Navorsingsfonds van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geldelike bystand verleen het.

Wat moet die status van Afrikaans en Engels in 'n moontlike "Nuwe Suid-Afrika" wees? Dit is een van die vrae wat Afrikaners verdeel het in die vroeë jare veertig. Twintigste-eeuse Afrikanernasionalisme - en op politieke gebied was die Nasionale Party indertyd die vernaamste draer daarvan - het in daardie stadium in minstens een opsig 'n onbesproke verlede gehad, en het dit trouens nog. In die tye dat dié party aan bewind was, het hy nie die taalregte van die Engelssprekendes ingekort nie. Dit was ook byna nooit die beleid van die party en Afrikaans-nasionale denkers om so iets te doen nie.

Daar was een tydperk waarin sommige Afrikanernasionaliste - indertyd verdeel in 'n aantal politieke magtelose faksies - afgewyk het van die beleid van gelykberegtiging, en dit was in die vroeë jare veertig. Die vernaamste simptoom van hierdie afwyking was die taalbepaling van die Konsep-grondwet van die Republiek wat die Nasionale Party in 1942 die lig laat sien het.

Historici (soos Thom[1] en Le Roux, Coetzer en Marais[2]) het die partypolitieke twiste van dié tyd deeglik beskryf, maar tot dusver betreklik min aandag gegee aan die taalpolitieke uitsprake. Die oogmerk van hierdie artikel is om 'n oorsig van laasgenoemde te gee. Eers word die houding van die Nasionale Party teenoor Engels van 1914 tot 1942 kortliks toegelig (deel 1), daarna gelet op die pro-republikeinse bedrywighede in die jare 1940 tot 1942 (deel 2) asook op uitsprake oor die taal van die staat waarvoor republikeine hulle beywer het (deel 3) en ten slotte (in deel 4) die agtergrond geskets van die destydse politieke en taalsituasie - iets wat die stuk geskiedenis ook in 'n mate aktueel maak. Selfs die uitdrukking "die Nuwe Suid-Afrika" wat in die jare veertig in Afrikaanse publikasies, veral *Die Oosterlig*, voorgekom het, word in 1990 algemeen gebruik.

Ter wille van die duidelikheid moet mens vooraf 'n paar partypolitieke gebeurtenisse van hierdie tyd vermeld. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het die Nasionaliste - wat van 1933 tot 1939 verdeeld was in twee groepe - gehoop dat hulle weer verenig kon word. Die groepe was diegene wat onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog met die Suid-Afrikaanse Party van genl. J.C. Smuts saamgesmelt het in die Verenigde Party (wat aan hulle die volksnaam 'Smelters' besorg het) en die Nasionaliste wat onder leiding van dr. D.F. Malan die Nasionale Party gehandhaaf het (in die volksmond bekend as 'Gesuiwerdes'). Voordat die twee groepe Nasionaliste in een partyverband verenig is, het die Transvaalse aanhangers van genl. Hertzog die Volksparty gestig.[3] Op 29 Januarie 1940 het die Afrikaanse koerante aangekondig dat die twee groepe 'n ooreenkoms bereik het. Die nuwe party wat tot stand moes kom, sou die Herenigde Nasionale Party of Volksparty heet. Dis 'n benaming waaroor heelparty Nasionaliste ongelukkig geevoel het.[4] Hulle het dit nietemin aanvaar. (In die V.P.-pers is daarna dikwels van die "Of"-party, "Offiete" en "offities" geskryf.)[5]

Die hereniging was van korte duur. Op 6 November 1940 het die Vrystaatse Nasionaliste geskeur, en genl. Hertzog en sommige van sy ou volgelinge het die party verlaat. In Desember 1940 het die Hertzog-volgelinge die Afrikanerunie,[6] later die Afrikanerparty gestig.[7,8] Die benaming H.N.P. of V. is egter behou vir die res van die party, wat nog heelwat oud-Hertzog-volgelinge ingesluit het.

## 1. Die Nasionale party en Engels tot 1942

Gelyke regte vir Engels en Nederlands (later Afrikaans) was sedert sy stigtingsjaar in 1914 een van die Nasionale Party se beginsels. Dit was in hoofsaak 'n party van Afrikaners, maar Engels was nooit in gevaar nie. Die land was destyds deel van die

---

1. H.B. Thom, *D.F. Malan* (Kaapstad, 1981).
2. J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog, Sy lewe en stryd II* (Johannesburg, 1987).
3. *Die Vaderland,* 8-12-1939.
4. *Die Transvaler,* 31-1-1940.
5. Byvoorbeeld in *Die Volkstem,* 25-9-1941 en 3-11-1941
6. *Die Vaderland,* 17-12-1940.
7. *Die Vaderland,* 30-1-1941.

Britse Ryk, die staatsdiens was oorwegend Engels en ook van die stigters en eerste Volksraadslede van die Nasionale Party het Engels as huistaal gehad (byvoorbeeld prof. H.E.S. Freemantle en mnre. E.W. en C.G. Fichardt) of het dit graag gebruik.

Artikel 7 van die "Programma van beginselen" van "de Nationale Partij" het gelui: "Zij (d.w.s. die Nasionale Party) erkent het recht van iedere ingezetene van de Unie om overal binnen het land op publieke kantoren of in 's lands dienst de officiele taal des lands hen eigen erkend te hebben en om door middel van die taal door Regeringspersonen bediend te worden; en verklaart mitsdien de aanstelling van ambtenaren die niet voor hun ambt vereiste kennis van beide officiele talen bezitten als in strijd met de wet en een miskenning van de rechten en belangen der ingezetenen". In die toeligting word gekonstateer dat hierdie artikel altyd van die grootste gewig sal bly "niet minder voor Engelsch dan voor Hollandsch sprekenden binnen Zuid Afrika".[8]

'n Begronding vir gelyke taalregte het Afrikaans-nasionale denkers in die aard van hul nasionalisme gevind. Ds. W. Postma, wat saam met genl. Hertzog die grootste aandeel gehad het aan die opstel van die program van beginsels van die Nasionale Party,[9] het nasionalisme omskryf as gehegtheid aan "iemands land, landstaal, sedes en gewoontes". Nasionalisme "van onse kant" beteken dan "gehegtheid aan onse land, die enige land van die ware Afrikaner, onse landstaal (vir die Boer die Hollandse taal in verskillende vorme; vir die Engelse Afrikaner, Engels), onse suiwere Afrikaanse sedes en gewoontes in onderskeiding viral van ander volke ... die enigste suiwere nasionaliteit en nasionalisme wat hier is, is die van die Hollandse Afrikaner. Die Engelsman se nasionaliteit is Brits en sij nasionalisme staan gelijk aan imperialisme".[10] ("Engelse Afrikaner" verwys hier na Engelssprekende blanke wat in Suid-Afrika gebore is of hom met die land vereenselwig het.)

In die taalstryd het die klem begryplikerwys geval op die bevordering van Afrikaans. Dit was onnodig om 'n stryd vir Engels in die staatsdiens, handel of onderwys te voer. Nadat die Nasionale Party in 1924 saam met die Arbeidersparty aan bewind gekom het, het die posisie van Afrikaans verbeter, onder meer omdat daar meer opgeleide Afrikaanssprekendes was en hulle ook in die staatsdiens aangestel kon word. Dit beteken egter nie dat Engels agtergestel is nie. Die Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, het in 1931 in die Volksraad gegewens oor die staatsdiens verstrek: sedert die begin van die bewind in 1924 tot aan die einde van 1930 is 2 624 Engelssprekendes en 2 758 Afrikaanssprekendes deur die staatsdienskommissie in die staatsdiens aangestel, en 3 148 Engelssprekendes en 1 207 Afrikaanssprekendes bevorder. Ses en dertig persent van die staatsdiens was Afrikaanssprekend en 64 persent Engelssprekend.[11] Later het dr. Malan in antwoord op 'n vraag gegewens versterk waaruit dit geblyk het dat die oorgrote meerderheid van die hoër staatsdiensbetrekkings (waarin amptenare wat 500 pond per jaar of meer verdien het) deur Engelssprekendes beklee is, naamlik 2 084 teenoor 626.[12]

Indien die taalbeleid in die jare dertig verander het, was dit nie ten nadele van Engels nie. Die "Gesuiwerde" Nasionaliste het trouens aangevoer dat die Verenigde Party van genls. Hertzog en Smuts Engels-eentaliges aangestel en bevorder het.[13]

In die jare dertig - 'n tyd van politieke ekstremisme in Europa en ook Suid-Afrika - was daar wel tekens van 'n anti-Engelse gesindheid onder sommige Nasionaliste. Op die eerste Transvaalse kongres van die "Gesuiwerde" Nasionale Party in April 1935 het "talle afgevaardigdes" volgens 'n berig in *Die Vaderland*, teenstander van die

8. Nationale Partij, *Beginsels Constitutie Statuten.* Uitgegeven namens 't bestuur daartoe benoemd door 't speciaal kongres gehouden te Bloemfontein, 7-9 Jan. 1914, p. 5.
9. G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI, 1910-1924* (Johannesburg, 1979), p. 134.
10. *De Vriend des Volks,* 22-1-1914.
11. *Debatte van die Volksraad* 16 (1931), kolom 1522-1523.
12. *Debatte van die Volksraad* 16 (1931), kolom 2162-2164.
13. Nasionale Party, *Die wrange vrug van koalisie en samesmelting 1933-1935* (Kaapstad, sonder jaartal, ongeveer 1935), p. 43.

Nasionale Party, 'n "verloëning van die beginsel" van gelyke regte bepleit. "Die mense van my tak wil met Engels niks te doen hê nie," het een afgevaardigde gesê. "Dit is ons land hierdie en ons kan nie sien waarom ons die taal moet erken van daardie mense wat ons vroue in konsentrasie-kampe laat omkom het nie." Adv. J.G. Strijdom, lid van die drietal wat tot leiers gekies is (dr. C.J.H. de Wet van Potchefstroom en mev. Mabel Jansen van Pretoria was die ander twee), het egter gewaarsku dat die beginsel van gelyke regte nie verloën moet word nie. "Dit sal duisende Afrikaners wegjaag van die party as ons nou besluit dat Afrikaans die enigste landstaal moet wees." Die taalartikel is in die voorlopige "Program van beginsels" aangeneem.[14] Dis nodig om hierby te onthou dat die Transvaalse Nasionale Party destyds verdeeld en swak was; die Kaapse party het die toon aangegee en in die Vrystaat het die Nasionale Party sterker gestaan as in Transvaal.

Dit was in elk geval tot aan die einde van die dertigerjare ondenkbaar dat 'n party in alle erns die inkorting van die taalregte van Engelssprekendes sou beoog. Tog het die "regte van die Engelse" in 1940 begin om 'n rol in die politiek te speel. Dit het aanleiding geword tot (of voorwendsel vir) die reeds vermelde partypolitieke skeuring tussen genl. Hertzog en sy volgelinge en die res van die Nasionale Party. Die aanloop tot die skeuring - op 'n kongres van 5 tot 6 November 1940 in Bloemfontein - moet hier buite beskouing bly (die afwysende houding van genl. Hertzog teenoor 'n republiek; praatjies wat hy gesien het as 'n fluisterveldtog teen hom; sy aandrang daarop dat die kongres sy program van beginsels aanvaar - wat die kongres nie gedoen het nie - en nie dié wat opgestel is deur die federale raad van die party nie).

Toe die program van beginsels onder bespreking kom, wou Hertzog weet waarom daar nie vir gelykberegtiging van die Engelssprekendes voorsiening gemaak word soos in sy program nie. Genl. Hertzog se program het gelui dat die party "sig ten doel stel die ontwikkeling van 'n kragtige gevoel van Suid-Afrikaanse volkseenheid, gegrondves op die gelyke regte van die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking, gepaard met die erkenning en waardering van elkander se kulturele erfreg". Adv. C.R. Swart het geantwoord dat die konsep-program uitdruklik die erkenning van die taal- en kulturele regte van albei seksies van die bevolking vermeld. Gelyke taal- en kulturele regte was vir genl. Hertzog egter 'n klein onderdeel van gelyke regte van Afrikaans- en Engelssprekendes. Volgens hom het die program van beginsels dit uitgesluit dat 'n Engelssprekende ooit partyleier sou kon word. Sen. W.J.C. Brebner, jare lank partyvoorsitter in die Vrystaat, is dieselfde oggend "uitgeskop" net omdat hy van Engelse of Skotse herkoms is, het die Generaal beweer. "Dink u dat ons ooit die oorwinning kan behaal as nie-gebore Hollandssprekendes uit ons geledere uitgestoot word?"[15] (Met "Hollands" het Hertzog, soos party ander Afrikaners van sy generasie, "Afrikaans" bedoel). Genl. Hertzog en sy volgelinge het daarop die kongres verlaat. Een van die kongresgangers, sen. Chris van Niekerk, het hulle agterna toegevoeg: "Daar gaan hulle weer vir die regte van die Engelse!"[16] Adv. Swart het na die uitstappery uitdruklik ontken dat Brebner die verkiesing verloor het omdat hy Engelssprekend is. Brebner het hom boonop nie as Engelssprekende voorgedoen nie, en die ander het hom nie as sodanig beskou nie.[17]

*Die Vaderland* het aangevoer dat genl. Hertzog besef het dat "die Afrikaanssprekende volksdeel homself magteloos sal slaan en moontlik selfs sal vernietig as hy 'n beleid van onderdrukking gaan probeer volg". Politieke oorheersing deur Afrikaanssprekendes sou net moontlik wees met behulp van die groep "wat vandag populêr genoem word die 'hanskakies'", en dis ondenkbaar. Bowendien was genl. Hertzog se uitgangspunt altyd dat 'n beleid ook op etiese grondslag moet berus. As die etiese eenmaal nie meer basis van 'n mens se optrede is nie, hoef jy nêrens op te hou nie. "As jy bv. sover gekom het om die Engelse volksgroep te

14. *Die Vaderland,* 19-4-1935.
15. *Die Volksblad* en *Die Vaderland,* 7-11-1940.
16. J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog. Sy lewe en stryd* II p. 730.
17. *Die Volksblad,* 7-11-1940.

bedrieg, sal jy ook jou eie mense bedrieg as dit jou pas".[18]

*Die Volksblad* het gevra wie al ooit die Engelssprekendes se regte probeer inkort het. "Waar het die Afrikaner ooit die Engelse verdruk? Nege jaar lank het die Nasionaliste die land geregeer - was daar toe so iets as onderdrukking? Watter Engelse se regte wil genl. Hertzog nog meer beskerm hê en watter regte van hulle was al ooit in gevaar?"[19,b]

## 2. Pro-republikeinse bedrywighede

Suid-Afrika het in September 1939 tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree teen die sin van tienduisende Afrikaners. Die teenstanders van oorlog was byna uitsluitend Afrikaanssprekend, die voorstanders Afrikaans- en Engelssprekend. (Duisende Afrikaners het nietemin aan die kant van die Geallieerdes geveg; *Die Oosterlig* het geskryf dat twee-derdes van die Suid-Afrikaanse leër uit Afrikaanssprekendes bestaan.)[20] Baie Afrikaners het gevoel dat Suid-Afrika, omdat dit deel van die Britse Gemenebes was, in Brittanje se oorloë ingesleep is. En die enigste manier om Suid-Afrika buite Engeland se oorloë te hou, dit was hulle mening, was om te sorg dat Suid-Afrika 'n republiek word, los van enige konneksie met Brittanje.

Die militêre suksesse van Duitsland vanaf Mei 1940 het 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse politiek gehad. Die historikus G.D. Scholtz skryf soos volg oor die uitwerking daarvan op die republikeinse gedagte: "Dit het gelyk of Duitsland die oorlog reeds klaar gewin het. Net so plotseling het dit vir die Afrikaner begin lyk of sy so lang gekoesterde ideaal nou in vervulling sou gaan. Daar het in die harte van duisende Afrikaners 'n behoefte ontstaan om uiting te gee aan hul republikeinse gevoelens".[21] H.B. Thom skryf in sy biografie van dr. D.F. Malan dat dit 'n tyd van "vurige verwagting by baie Afrikaners" was, "'n tyd waarin hulle veral die republiek sien kom het".[22]

Groot vergaderings is ten gunste van 'n republiek gehou. Op Saterdag 20 Julie 1940 het volgens sommige berekenings 70 000 mense byvoorbeeld op 'n vergadering by die Vrouemonument in Bloemfontein bymekaar gekom en besluit dat die tyd aangebreek het dat die Unie omskep word in 'n vrye republiek, afgeskei van die Britse kroon en ryk, en aangepas by die godsdiens, geskiedenis en tradisies van die Boerevolk.[23,c] Op 3 Junie 1941 het 'n uniale kongres van die N.P. besluit dat hy ten gunste is van 'n "vrye, onafhanklike republiek, gebaseer op Christelik-nasionale grondslag en beliggamende in wese en karakter die beste wat die Boerenasie in die verlede op hierdie gebied voortgebring het ooreenkomstig sy eie volksaard en tradisies".[24]

Die gedagte aan 'n konsep-grondwet vir 'n toekomstige republiek het in hierdie tyd van afwagting en opgewondenheid ontstaan. Op 4 November 1939 het 'n groep Afrikaners in die kantoor van dr. H.F. Verwoerd, redakteur van *Die Transvaler,* byeengekom "met die doel om te oorweeg die wenslikheid van die opstel van 'n ontwerp-grondwet van die toekomstige Republiek van S.A., en die publikasie daarvan met 'n toeligting". Die mense was, behalwe dr. Verwoerd, proff. H.G. Viljoen en T.J. Hugo en dr. P.J. de Klerk van Pretoria, prof. N. Diederichs van Bloemfontein en proff. L.J. du Plessis, J.C. van Rooy en A.J.H. van der Walt van Potchefstroom. Die taak om die ontwerpgrondwet op te stel, is opgedra aan proff. Du Plessis en Hugo, asook dr. Verwoerd. Hulle sou 'n voorlopig voltooide ontwerp vir kommentaar aan 'n aantal persone stuur.[25] Thom skryf dat verteenwoordigers

---

18. *Die Vaderland,* 12-11-1940.
19. *Die Volksblad,* 7-11-1940.
20. *Die Oosterlig,* 11-5-1942.
21. G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VII* (Johannesburg, 1984), p. 267.
22. H.B. Thom, *D.F. Malan* (Kaapstad, 1981), p. 137.
23. *Die Volksblad,* 20-7-1940.
24. *Die Burger,* 4-6-1941.
25. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein (Hierna I.N.E.G.): PV 93 (H.F. Verwoerd-versameling), lêer 1/47/3/1: "Aanleiding tot bygaande Konsep-grondwet": Notule van 'n vergadering gehou in die Voortrekkergebou, Johannesburg, op Saterdag, 4 November 1939.

van groot Afrikanerorganisasies, soos die Kerke, die F.A.K. en die Reddingsdaadbond aan die konsep-grondwet gewerk het.[26] Van verdere samekomste het daar geen notule bewaar gebly nie, maar die drie het wel 'n ontwerpgrondwet opgestel - waarskynlik in die loop van 1940, meen Scholtz[27] Die ontwerp was aanvanklik net onder enkeles bekend, maar die gedagtes het begin deurwerk na die breë publiek.

Voordat die konsep-grondwet gepubliseer is, het die Afrikaanse Nasionale Studentebond op 1 Julie 1940 'n "vryheidsmanifes" uitgereik waarin 'n aantal beginsels vir 'n toekomstige republikeinse staat gestel word. Dit het 'n paar sosialistiese trekke gehad soos blyk uit die punt dat die staat die "regverdige aanwending van al sy natuurlike en produksiebronne ten bate van die hele gemeenskap (beoog) en hierin sal nie geskroom word om gevestigde belange aan te tas nie". In 'n ander word voorgestel dat sleutelbedrywe "onder staatskontrole (moet) resorteer". "Bankwese ... sal gereorganiseer word op nasionale basis met die Staat as die skepper van krediet en private volksbanke die distribueerders daarvan".[28]

Die ontwerp-grondwet het intussen 'n "kwaai twisappel" geword.[29] Kort nadat die ontwerp-grondwet in Junie 1941 in Bloemfontein aan dr. Malan oorhandig is, en die Herenigde Nasionale Party, Ossewa-Brandwag, F.A.K. en Reddingsdaadbond daar ooreengekom het oor "die finale samesnoering van die Afrikanerdom in 'n volksfront, met eie arbeidsvelde vir elk van die genoemde organisasies",[30] het die Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag, dr. Hans van Rensburg, op 3 Julie 1941 'n Uniale Omsendbrief (1/41) uitgestuur, met die titel "Grondbeginsels van ons staatsbeleid" waarin bepaalde punte oorgeneem is uit die konsep-grondwet vir 'n republiek.[d] In die aanhef tot die omsendbrief word aan "die meerdere offisiere" opdrag gegee om die verklaring "volhardend" te propageer.

Vir die H.N.P. of V. en sy leier, dr. Malan, was die publikasie van die omsendbrief en 'n O.B.-pamflet met die titel *Die Boererepubliek* (opgestel "in oorleg met deskundige staatkundiges onder beskerming van die Ossewa-Brandwag van Transvaal") onaanneemlik. Dit kon "eenvoudig nie geduld word nie", skryf Thom, dat die O.B. verklaar dat die republiek geen partypolitieke saak is nie, en kontensieuse hoofpunte rakende 'n toekomstige republikeinse grondwet by wyse van 'n bevel aan O.B.-offisiere gestuur word.[31] Die O.B. het volgens die siening van die H.N.P. of V. sy woord gebreek deurdat hy as organisasie aan die politiek deelgeneem het. Behalwe die ooreenkoms van Junie 1941 het die een op Cradock in 1940 die terreine van die party en die Ossewa-Brandwag afgebaken.[32,e] Volgens Thom het *Die Boererepubliek* "in dieselfde tyd" as die omsendbrief verskyn, maar dit lyk of hy hom vergis. In werklikheid is *Die Boererepubliek* reeds voor die Cradock-ooreenkoms uitgegee. Adv. J.D. Jerling, assistent-kommandant-generaal van die O.B. in Transvaal, het aan *Die Vaderland* verklaar dat die pamflet in April 1940 verskyn het en aan offisiere oor die hele Transvaal vir verspreiding oorhandig is.[33] In ieder geval het *Die Suiderstem* op 23 September 1940 'n hoofberig ("Kiem van 'n Nazi-republiek") oor die pamflet gehad wat volgens die blad die "Nazi-agtige karakter" van die O.B. en sy "diktatuur-strewe" openbaar. 'n Paar dae daarna het die blad 'n afdruk van die eerste bladsy van *Die Boererepubliek* op sy voorblad geplaas.[34] Dit was dus voor die Cradock-ooreenkoms van 30 Oktober.

---

26. H.B. Thom, *D.F. Malan*, p. 103.
27. G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VII*, p. 275.
28. Afrikaans-Nasionale Studentebond, *Vryheidsmanifes van die Afrikaans-Nasionale Studentebond* (Bloemfontein, 1940), p. 1.
29. H.B. Thom, *D.F. Malan*, p. 103.
30. *Die Burger*, 13-6-1941.
31. H.B. Thom, *D.F. Malan*, p. 113.
32. *Die Burger*, 31-10-1940 en I.N.E.G.: PV 27 (Nasionale Party van Kaapland-versameling), lêer 1/2/2/2/2/2: Notule van die kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in Bloemfontein, op 3 Junie 1941.
33. *Die Vaderland*, 29-8-1941.
34. *Die Suiderstem*, 28-9-1940.

Terwyl die H.N.P. of V. en die O.B. nog rusie gemaak het met die kleinlikheid, misleiding en voorgewende onskuld wat partypolitieke twiste kenmerk, het dr. Malan in Januarie 1941 'n voorstel vir republiekwording in die Volksraad ingedien. Die bewoording is belangwekkend genoeg om volledig aan te haal, omdat die kontras met die later gepubliseerde taalartikel daaruit blyk, maar ook omdat, paradoksaal, 'n deel van die moontlike verklaring vir die artikel daarin geleë is. Dr. Malan het voorgestel:

"Dat, met die oog op die ernstige krisis waarin ons land weens sy deelname aan die oorlog betrokke geraak het, die Raad verklaar -

(a) dat ons hoogste volksbelange alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk en vry en onafhanklik van enig ander buitelandse mag;

(b) dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie, maar opgebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies op die beginsels van volksregering soos dit beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse Republieke, met wegbreking egter van alles wat vals en volkskadelik is in die hierbestaande Britse liberalistiese demokrasie en met die nodige aanpassing aan moderne omstandighede;

(c) dat dit Christelik-nasionaal moet wees in wese en karakter en gegrond moet wees op die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking;

(d) dat dit veilig gemaak moet word vir die blankeras en sy beskawing ooreenkomstig die voogdyskapbeginsel; en

(e) dat dit doeltreffend beskerm moet word teen die kapitalistiese en parasitiese uitbuiting van sy bevolking sowel as teen die ondermynende invloede van vyandiggesinde en onnasionale elemente."[35]

Die debat oor die voorstel het 'n hele vier dae geduur en is verwerp. Dr. Malan het hom ook uitgelaat oor die taalregte. "Met die grootste duidelikheid sê ons dat ons nie van plan is as ons republiek gestig word, om af te wyk van wat 'n grondbeginsel is in die Suid-Afrikawet nie, nl. gelyke taal- en kultuurregte vir albei seksies van die blanke bevolking. Daar sal geen verskil in politieke regte gemaak word tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes nie, daar sal geen verskil gemaak word op rasselyne nie ... Art. 137 van die Grondwet sal ons handhaaf en nie daarvan afwyk nie."[36]

Kort na die debat oor die republikeinse mosie het Nasionale Party-koerante die "Konsep-grondwet van die Republiek" gepubliseer - dieselfde konsep, dus, waaruit die Ossewa-Brandwag ses maande tevore dele oorgeneem het. *Die Transvaler* en *Die Volksblad* het dit vanaf 22 Januarie 1942 in 'n reeks gepubliseer, terwyl *Die Burger* op 23 Januarie 1942 die hele stuk geplaas het. Dit is daarna in pamfletvorm uitgegee.

Die inleiding dra nog die spore van die twis oor die konsep. Daar word vermeld dat die stuk opgestel is deur "'n kring van vooraanstaande persone met die doel om die H.N.P. of V. behulpsaam te wees met noodsaaklike voorbereidingswerk vir die daadwerklike stigting van 'n republiek." As sodanig is dit toe aan dr. Malan oorhandig, uitdruklik nie vir publikasie nie, maar as leidraad vir verdere oorweging, bespreking en bekendmaking op sodanige tyd en wyse as wat hy mag goed dink. Na sy republikeinse mosie in die Volksraad het dr. Malan dit wenslik geag om hierdie dokument in sy geheel te publiseer, "veral ook met die oog op die ongeoorloofde gebruik wat vroeër van gedeeltes daarvan gemaak is", het die berig gelui. Die ontwerp bevat heelwat sosialistiese formulerings,[f] asook 'n taalbepaling wat 'n

35. *Debatte van die Volksraad* 43, kolom 32-33.
36. *Debatte van die Volksraad* 43, kolom 40.

afwyking van Afrikanernasionaliste se amptelike beleid was. Die taalbepalings van hierdie en ander destydse beleidstukke is die onderwerp van die volgende afdeling.

## 3. Uitsprake oor die ampstale van 'n republiek

In die belangrikste van die dokumente wat hier aangehaal word, is daar uitsprake oor die ampstale van 'n toekomstige republiek. So bevat die vryheidsmanifes van die Afrikaanse Nasionale Studentebond die volgende bepaling oor tale: "Afrikaans sal geld as amptelike landstaal en Engels sal sy volle regte geniet as tweede taal."[37] Die manifes is op 2 Julie 1940 amptelik as doel en strewe van die A.N.S. aangeneem. Mnr. A.E. Rupert het gesê die Transvaalse vierkleur (sedert 1935 die ampsvlag van die A.N.S.) sal halfstok bly hang totdat dit eendag weer opgetrek word in volle vryheid. Die vlaghysing is deur mnr. J. Haak, organiserende sekretaris van die A.N.S., waargeneem.[38]

Die O.B.-pamflet *Die Boererepubliek* het die volgende artikel oor "Landstaal" bevat: "Afrikaans sal die amptelike landstaal wees terwyl Engels as tweede landstaal die nodige beskerming en voorregte sal geniet."[39] Ongeveer dieselfde tyd dat die pamflet verskyn het, het kol. J.C.C. Laas, eerste kommandant-generaal van die Ossewa-Brandwag, gesê: "Die Ossewa-Brandwag wil hê een pragtige taal, ons wonderlike Afrikaans." *Die Suiderstem* (Verenigde Party-mondstuk in Kaapland) het in sy kritiek daarop vermeld dat *Die Burger* nooit 'n woord gerep het oor die A.N.S. se voorgenome "rasse-oorheersing"g in sy vryheidsmanifes nie.[40] Sowat 'n maand daarna het *Die Suiderstem* *Die Burger* weer gekritiseer omdat hy nie die A.N.S.-manifes afgekeur of die A.N.S. tereggewys het oor die manifes wat die liggaam "in die onbeskroomdste en lompste navolging van die Nazi-diktaruur onder die mantel van 'n republiek vir Suid-Afrika" voorgestel het nie.[41]

Die O.B. se omsendbrief 1/41 van Julie 1941 het geen melding van ampstale gemaak nie. 'n Paar maande daarna, toe die rusie tussen die O.B. en die party reeds losgebars het, het die beweging se mondstuk, *Die O.B.,* kommentaar op dr. Malan se republikeinse mosie gelewer. Dr. Malan se toespraak beoog net die verbreking van die Britse konneksie, het die blad geskryf. Origens waarborg dr. Malan die taal en kultuurregte van die Engelssprekendes; "ja, die republiek moet gegrond wees op die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies. M.a.w. die staat moet dit as deel van sy taak onderneem om die Engelse in Suid-Afrika Engels te laat bly. Hoe 'n mens 'n Christelik-nasionale staat kan hê waarin die staat die belange van mense getrou in ag moet neem wat nie Christelik-nasionaal is nie, bly vir ons duister." In so 'n republiek sal dieselfde toestand bly bestaan as onder die Britse bedeling: 'n gedurige stryd om baasskap tussen die kulture "met die ou-ou storie van Afrikaners wat na die ander kultuurstroom oorloop om later hul eie mense te beveg." As die "Sap-party" aan bewind kom, sal hy maar weer enkelmediumskole afskaf, die staatsdiens vol eentalige Engelse stop en die kapitaliste groter vryheid gee om die volk uit te buit.[42]

Dit is eienaardig dat dr. Malan, ondanks die party se teenkanting teen die O.B. se "kontensieuse hoofpunte rakende 'n toekomstige republikeinse grondwet"[43] juis oor een van hierdie hoofpunte 'n formulering in die Konsep-grondwet voorlopig stilswyend aanvaar het wat nog meer kontensieus was as die O.B. s'n. Die O.B. het niks van die landstale gerep nie, maar die taalartikel in die konsep wat dr. Malan aan die pers oorhandig het, het gelui: "Afrikaans as die taal van die oorspronklike blanke inwoners van die land, is die eerste amptelike taal. Engels word beskou as 'n tweede

---

37. Afrikaans-Nasionale Studentebond, *Vryheidsmanifes van die A.N.S.,* p. 1.
38. *Die Volksblad,* 2-7-1940.
39. Ossewa-Brandwag, *Die Boererepubliek* (Johannesburg, s.j., maar ongeveer 1940), p. 1
40. *Die Suiderstem,* 24-9-1940.
41. *Die Suiderstem,* 18-10-1940.
42. *Die O.B.,* 21-1-1942.
43. H.B. Thom, *D.F. Malan,* p. 113.

of aanvullende amptelike taal, wat op 'n voet van gelykheid behandel word en gelyke vryheid, regte en voorregte geniet met die amptelike taal, oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag beoordeel word as in die beste belange van die staat en sy inwoners"[44] Dit was maar 'n halfjaar nadat die Federale Raad van die party verklaar het: "Ons aanvaar ondubbelsinnig die beginsel van gelyke regte vir die taal en kultuur van albei seksies van die blanke bevolking" en "die Raad (herhaal) dat die Republiek tot stand gebring kan word, ... alleen met die getroue inangeming van die gelyke taal- en kulturele regte van die twee seksies van die blanke bevolking".[45]

Nie-Nasionale Party-koerante het die gegewens oor die konsep-grondwet en sy taalbepaling (wat in die eerste van *Die Transvaler* se reeks van drie artikels vervat is) oorgeneem. *The Cape Argus* het sy berig geplaas onder die opskrif: "The Malanite Republic / Draft 'Constitution' Issued / English Language Position".[46] (Berigte is verder ook geplaas in onder meer *The Star,*[47] die *Rand Daily Mail).*[48] Die eerste kommentaar op die konsep is reeds op die dag van publikasie gelewer. *The Star* het die konsep 'n "curious document" genoem, maar niks geskryf oor die taalartikel nie.[49,h]

Die volgende dag het ook *Die Burger* die konsep gekritiseer. *Die Burger* het geskryf die konsep lyk "ten dele meer op die program van 'n party as op 'n grondwet". Dit sou 'n groot en dwase tydverspilling wees om die besonderhede van 'n republiek wat ons nog nie het nie, in die openbaar te bespreek. "Reeds het 'n geredekawel oor hoe die republiek daar moet uitsien, verdeeldheid gebring onder diegene wie se saamgesnoerde kragte nodig is in die stryd om die republiek te verkry".

*Die Burger* kritiseer dan die volgende bewoording van 'n bepaling oor burgerregte: "Sodanige erkenning word alleen verleen aan sodanige onderdane van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree, watter status hulle tevore ook mag besit het." *Die Burger* vra wie dit is wat bepaal wat "volksopbouend" is. "En wie is dit wat sal kan of moet 'verwag'? Burgerregte kan nie in 'n vrye staat toegeken en ontneem word volgens 'n vae maatstaf wat so willekeurig uitgelê sou kan word dat letterlik niemand van sy regte seker sou kan wees nie. Burgerregte mag alleen volgens wetlik vasgestelde reëls en vereistes toegeken word."

*Die Burger* verwys dan na die taalartikel as 'n "ongelukkig gestelde" bepaling. Die bepaling dat Afrikaans die "eerste amptelike taal" sal wees met Engels as "'n tweede of aanvullende amptelike taal" wat gelyke regte geniet alleen "oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag beoordeel word as in die beste belange van die staat en sy inwoners" is in stryd met 'n beginsel wat voorkom sowel in die republikeinse besluit van die Uniale kongres as in die Volksraadsmosie van dr. Malan. Daar heet dit dat die republiek "gegrond moet wees op die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking".[50]

*Die Burger* het die taalbepaling kort daarna weer gekritiseer, maar so, dat dit nie gelyk het na 'n aanval op die konsep nie, maar op die Ossewa-Brandwag. "Om 'n teenstander te pak en dwase voornemens of planne op sy brood te smeer, terwyl jy in werklikheid besig is om met jou eie mense te praat, het deur die jare 'n ou laai van *Die Burger* geword", skryf P.A. Weber, 'n gewese *Burger*-redakteur, na aanleiding van dergelike artikels.[51] Die aangehaalde hoofartikel in *Die O.B.* van 21 Januarie 1942 het wel vir *Die Burger* geleentheid vir kommentaar gegee.

---

44. *Die Transvaler,* 22-1-1942.
45. I.N.E.G.: PV 27 (Nasionale Party van Kaapland-versameling), lêer 1/2/2/2/2/2: Notule van uniale N.P.-kongres op 3 Junie 1941 in Bloemfontein.
46. *The Cape Argus,* 22-1-1942.
47. *The Star,* 22-1-1942.
48. *Rand Daily Mail,* 23-1-1940.
49. *The Star,* 22-1-1942.
50. *Die Burger,* 23-1-1942.
51. P.A. Weber, 'Die Burger - sy stryd, invloed en tradisie', *in* J.P. Scannell (samesteller), *Keeromstraat 30* (Kaapstad 1965), p. 31.

*Die Burger* skryf dat toe die Nasionale Party in 1935 die republikeinse doelstelling formeel in sy program opgeneem het, hy dit aan die beginsel van "die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking" gekoppel het. Dit was 'n natuurlike stap vir die Afrikaner met sy lang en bittere stryd eers teen 'n doelbewuste verengelsingsbeleid en daarna vir gelyke taalregte. Vanselfsprekend is hierdie beginsel ook in die Herenigde Nasionale Party se program opgeneem en gevolglik sowel in die republikeinse besluit van die Uniale kongres as in die republikeinse mosie van die party opgeneem. Die O.B. verwerp dit in sy amptelike orgaan op grond daarvan dat die O.B. geheel-en-al teen gelyke taal- en kultuurregte gekant is.

*Die Burger* verdedig die beginsel dan en voer aan dat die bestaan en erkenning van twee tale en kulture in 'n staat geensins 'n ideale toestand is nie. "Hoeveel sonde daaruit gebore word, weet elkeen in ons land maar alte goed. Daarom het die Engelse 'n eeu lank Hollands onderdruk en die Afrikaners probeer verengels. En daardeur het hulle nie alleen 'n onreg gepleeg nie; hulle het ook 'n stommiteit begaan. Dit is in aansienlike mate daardie beleid van die Engelse wat die Afrikaner so laat vaskleef het aan sy taal en sy volksbestaan".

Indien ons met 'n droomstaat te doen het, sou elkeen die O.B.-standpunt van die erkenning van slegs een taal en een kultuur onderskryf. Die "Nasionale Afrikanerdom" jaag egter nie 'n droom na nie, maar strewe na 'n werklike republiek. Byna veertig persent van die blanke bevolking is Engelssprekend. Elke Engelssprekende, hoe republikeins hy ook al mag word, sou tot die bittere einde die stigting van 'n republiek kon bestry waarin sy taal nie erken word nie en waarin hy dus 'n minderwaardige posisie sou inneem. "By mense wat nugter dink, is dit wel 'n oorweging."

Daar is selfs 'n belangriker oorweging. Met die verwerping van die beginsel van gelyke taal- en kultuurregte verwerp die O.B.-leiers in die praktyk 'n nog vernamer Nasionale beginsel wat so oud is as die N.P. self. "Dit is die beginsel dat uit die twee seksies 'n verenigde nasie opgebou moet word wat deur 'n gemeenskaplike vaderlandsliefde en nasietrots tot 'n ware eenheid saamgebind is. Sedert jare is dit dan ook 'n sterk argument van republikeinsgesindes dat, om hierdie eenheid te verkry, dit noodsaaklik is om 'n republiek, los van die Empire, te stig. Maar geen mens wat by sy verstand is, kan hoop dat daardie eenheid ooit selfs in 'n republiek verkry kan word indien die taal en kultuur van een van die twee seksies veronreg sou word nie. Instede van eenheid sou so 'n beleid die bestendiging van verdeeldheid en bitterheid beteken. En die bestendiging van verdeeldheid en bitterheid beteken op die duur die ondergang, nie alleen van so 'n republiek nie, maar ook van die blanke beskawing in Suid-Afrika".[52]

*Die Burger* was nie die enigste Nasionale Party-publikasie wat die taalartikel van die konsep-grondwet gekritiseer het nie; ook *Die Volksblad* (sien deel 4) en *Die Oosterlig* het gereageer. *Die Oosterlig* veroordeel ook die Ossewa-Brandwag, maar waarskynlik op grond van 'n latere artikel wat weer 'n reaksie was op *Die Burger* se tweede hoofartikel.

*Die O.B.* het geskryf dat dieselfde Engelse waarvoor *Die Burger* pleit, nog steeds aanstoot geneem het aan Afrikaans. Volgens die grondwet wat deur die O.B. aanvaar is, sal 'n Engelsman nie kwalik geneem word as hy Engels praat nie. Hy kan dit praat soveel as hy wil. "Maar as beginsel word aanvaar dat Afrikaans die amptelike taal moet wees en dat Engels nie op gelyke voet deur die staat erken sal word nie. Hierdie beginsel noem *Die Burger* ''n uiterste' wat strydig is met wat hy 'n 'nasionale beginsel' noem, maar in werklikheid 'n oorblyfsel is van die liberalistiese demokrasie waarvan partypolitici blykbaar nooit los kan kom nie."[53]

*Die Oosterlig* voer aan dat, van al die dwase dinge wat die Ossewa-Brandwag verkondig, die verwerping van Engelse taalregte "seker die mees onbesonne" is.

---

52. *Die Burger*, 27-1-1942.
53. *Die O.B.*, 11-2-1942.

Die O.B.-beleid sal Engels nog sterker maak as wat hy nou is en belangriker: die pogings tot onderdrukking van Afrikaans en Hollands was onregverdig. Die onreg is deur harde stryd herstel. Moet die Afrikaner nou daardie onreg met 'n ander onreg vergeld? Beslis nie. "Of die Afrikaner dit so wil hê of nie, ons Engelssprekende mede-burgers is in Suid-Afrika, en dit was nog altyd die Nasionale beleid om 'n verenigde nasie op te bou op 'n grondslag van Suid-Afrikaanse nasionalisme. Hierdie beleid beteken die handhawing van gelyke regte."[54]

*Die Oosterlig* het 'n paar maande daarna in 'n hoofartikel uitvoerig gereageer op 'n uitspraak van adv. J.D. Jerling: "Die O.B. sal net één taal in die republiek toelaat, en dit is Afrikaans" Soos dit 'n wrede onreg aan die Afrikaanssprekende was toe sy taal onderdruk was, skryf *Die Oosterlig,* sal die onderdrukking van die Engelssprekende se taal ook 'n onreg wees, "en twee verkeerde dinge maak nie 'n regte nie". Die onderdrukking van Engels sal bowendien lei tot 'n reaksie teen die "jeugdige" Afrikaanse taal. "Die Engelse taal in Suid-Afrika sal opstandig en agressief word, wat heel natuurlik sal wees, met noodlottige gevolge vir Afrikaans." Die Herenigde Nasionale Party beskou Afrikaans as die taal "met die eersgeboortereg in Suid-Afrika, hier geplant en ontwikkel, vergroeid in vaderlandsbodem. Maar hy erken Engels as gelyke landstaal omdat dit die moedertaal van die ander groot seksie van ons blanke bevolking is, en hy is vasberade om die gelyke regte te handhaaf, omdat alleen op daardie grondslag die staatkundige republikeinse vryheid waarna gestreef word, 'n blywende vryheid kan word."[55]

Die taalartikel van die ontwerp-grondwet is dan ook betreklik gou stil-stil deur die party laat vaar, al is dit uit die agendas vir die kongresse duidelik dat heelwat nasionaliste ten gunste van Afrikaans as enigste ampstaal was. Vir die 1940-kongres van die H.N.P. of V. van Transvaal het drie takke gevra dat die woorde "gelyke taal- en kulturele regte van albei seksies" in die program van beginsels vervang word deur "Afrikaans sal die enigste amptelike taal wees". Ten opsigte van 'n ander artikel het 61 takke gevra dat daar net een amptelike taal moet wees, naamlik Afrikaans.[56] In die amptelike verslag van die kongres word geen melding van hierdie beskrywingspunte gemaak nie, maar alleen vermeld dat die voorgestelde program van beginsels (en dus gelyke taalregte) aangeneem is.[57] Ses takke het vir die 1942-kongres 'n beskrywingspunt ten gunste van een vlag, een volkslied en een taal ingestuur, en sewe het gevra dat daar net een amptelike taal, naamlik Afrikaans, in 'n nuwe republiek moet wees.[58]

Net voor en op hierdie kongres het die hoof- en die Transvaalse N.P.-leier hulle albei oor die taalbeleid uitgelaat. In 'n beleidsverklaring op 16 September 1942 op 'n uniale kongres van die Herenigde Nasionale Party het dr. Malan die taalartikel van die konsep-grondwet by implikasie gerepudieer. Aan "Engelssprekend Suid-Afrika" het dr. Malan gesê: "In die republiek wat die Afrikaners begeer, sal hulle geen haarbreedte van hul vryheid of van hul eie taal- en kultuurregte, insluitende die prioriteitsreg van hul taal as die taal van die oorgrote meerderheid van die bevolking, prysgee nie, maar wat hulle vir hulself eis, is hulle ook bereid om aan u te gun".

Aan sy mede-Afrikaners het dr. Malan gesê dat hy weet dat sommige van hulle soms die mening uitgespreek het dat alleen Afrikaans in 'n toekomstige republiek die "erkende offisiële taal" sal wees. "As u daardie standpunt inneem omdat u bang is dat Afrikaans deur die ander taal uitgedruk en oorweldig sal word, dan moet u voorwaar u eie geskiedenis vergeet het. Dan moet u vandag met u taal in 'n sterk-gevestigde posisie en met al u bestaande en snel-aangroeiende kulturele rykdom, banger wees vir 'n eg Suid-Afrikaanse republiek as u vaders met hul ver-

54. *Die Oosterlig,* 20-2-1942.
55. *Die Oosterlig,* 15-5-1942.
56. I.N.E.G.: PV 2 (Nasionale Party van Transvaal-versameling), lêer III (3). Agenda van die eerste kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Transvaal, gehou op 3, 4 en 5 Desember in Pretoria.
57. I.N.E.G.: PV 2, lêer III (3). Herenigde Nasionale Party of Volksparty (Transvaal). Kort verslag van die kongres 9 Desember 1940).
58. I.N.E.G.: PV 2, lêer III (3). Agenda en beskrywingspunte van die derde kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Transvaal, gehou op 17 en 18 September 1942 in Pretoria.

trapte taal en met hul kulturele armoede rede gehad het om te wees vir al die mag van die Britse imperialisme en van die Britse kultuur.

As mens die standpunt inneem omdat dit geriefliker is om net een offisiële taal in die land te hê, sal iedereen dit wel toegee, maar dit sal "die toppunt van politieke dwaasheid" wees om te maak asof daardie 45 persent Engelssprekendes van die land nie bestaan het nie.

"As u daardie standpunt egter inneem omdat u weerwraak wil uitoefen vir al wat Afrikaners moes ly en ongelukkig vandag nog moet ly deur die verontagsaming van hul taal- en kultuurregte, dan sê ek dat ek met beslistheid daardie motief verwerp. Nie alleen pas dit nie by 'n republiek wat hom op Christelik-nasionale grondslag vestig nie, maar as ons daarvolgens sou gaan handel, sou dit vir die nuwe Suid-Afrika, wat ons eensgesind en gelukkig wil sien, 'n nuwe **via dolorosa** vir geslagte open, 'n pad van smarte, wat geen waaragtige liefhebber van sy vaderland hom kan toewens nie."[59]

Die dag nadat dr. Malan gepraat het, het die Transvaalse leier van die Herenigde Nasionale Party, adv. J.G. Strijdom, hom op die Transvaalse kongres van die party ook oor die taalkwessie uitgelaat. 'n Afgevaardigde het gevra dat daar in die begeerde republiek net een taal moet wees. Adv. Strijdom het geantwoord dat elke Afrikaner wat die naam werd is, die ideaal koester dat Suid-Afrika net een taal sal hê en dat daardie taal Afrikaans moet wees. Uiteindelik sal een van die twee tale die oorhand bo die ander moet kry en "ons hoop almal dat dit Afrikaans sal wees". Strijdom het egter bygevoeg dat die Afrikaners nie dieselfde fout as die Engelse moet begaan wat die Afrikaner se taal wou doodmaak en as gevolg daarvan die taal aan die lewe gehou het nie. Verder het die N.P. vir genl. Smuts en sy "imperialiste" beveg, onder meer omdat die party eerlik en opreg gelyke regte voorgestaan het. "Moet ons nou sommer so omdraai en sê dat ons dit nooit werklik so bedoel het nie? Ten slotte: daar is mense wat verwag dat Duitsland in die oorlog die magsposisie van Engeland teenoor Suid-Afrika sal verbreek, maar as Duitsland vrede sluit voordat dit gebeur en nadat Afrikaners 'n voorneme te kenne gegee het om die Engelse taal uit te delg - het u u al voorgestel in watter posisie ons dan teenoor die Engelssprekendes in die land sal staan? Nee, ons sal ons ideaal bereik sonder hierdie daad van onderdrukking".[60]

Nasionale Afrikaners het dus twee soorte besware teen die inkorting van die Engelssprekendes se taalregte gehad. Die eerste was 'n byna realpolitiese: taalonderdrukking sal die teenoorgestelde bereik van wat dit beoog. In plaas van Engels te verswak, sal dit Engels versterk. Daarby kom die in deel 1 aangehaalde argument uit *Die Vaderland:* 'n besluit tot onderdrukking sal die Afrikaners ernstig verdeel (wat in 1942 eintlik al duidelik geblyk het). Die tweede argument was dat amptelike eentaligheid onreg is en dus ook prinsipieel afgewys moet word.

## 4. Die agtergrond van die 1942-taalbepaling

Die konsep-grondwet was in meer as een opsig vir die Afrikanernasionaliste 'n ongelukkige dokument. Weber skryf dat die twee bepalinge wat *Die Burger* gekritiseer het, die Suid-Afrikaanse politiek nog lank vertroebel en die stryd van die Nasionale Party bemoeilik het.[61] In hul eie geledere het dit deel gevorm van onderlinge stryd. Daarby het dit Engelssprekendes negatief teenoor die party en republiekwording gestem.

Mens kan waarskynlik twee verklarings vir die afwyking in beleid en houding van Afrikanernasionaliste aanvoer.

Die eerste was 'n anti-Engelse houding wat daar in die laat jare dertig maar veral vroeë jare veertig by 'n aantal Nasionale Party-ideoloë en gewone partylede bestaan

59. *Die Burger,* 17-9-1942, en Herenigde Nasionale Party, *Opmars na die Republiek* (Kaapstad, 1942), p. 10.

60. *Die Transvaler,* 18-9-1942.

61. P.A. Weber, 'Die Burger - sy stryd, invloed en tradisie', *in* J.P. Scannell (samesteller), *Keeromstraat 30,* p. 31.

het uit reaksie op die anti-Afrikaanse houding van baie Engelssprekendes. Heelwat van die anti-Engelse gesindhede wat byvoorbeeld met die Ossewatrek van 1938 plek-plek tot uiting gekom het, het hul teenhanger gehad in die (veel skerper, veel meer algemene en meer volgehoue) blyke van anti-Afrikaansheid in 1937 toe 'n stryd oor die taalbeleid van die radio gevoer is.

Die Tweede Wêreldoorlog het die gesindheid tussen Afrikaner en Engelsman negatief beïnvloed. *Die Vaderland* wat genl. Hertzog se mondstuk was, die samesmelting tussen die ou Suid-Afrikaanse Party en Nasionale Party in 1934 heelhartig gesteun het en die invloedrykste Afrikaanse propagandis vir samewerking met die Engelssprekendes was, het in 1941 geskryf: "Na jare van gestadige opgang wat al byna as vanselfsprekend aanvaar en dus miskien nie meer na waarde geag is nie, begin die slinger nou weer teen Afrikaans keer". Die blad skryf dat daar 'n "taamlik algemene en toenemende gees" is wat "skyn te meen dat, onder die omstandighede wat die oorlog meegebring het, die grondwetlike regte van Afrikaans minstens opgeskort mag word, min of meer soos stadsraadverkiesings". *Die Vaderland* maak melding van 'n kongres waarop daar instemming gevra is vir die gebruik van slegs Engels as voertaal; "en daardie instemming is by voorbaat veronderstel toe amptelike stukke uitsluitend in Engels opgestel is! Hierby het dit die verantwoordelike persone skynbaar geensins gehinder nie dat die meeste afgevaardigdes na die kongres Afrikaanssprekend sou wees ... Die argument wat aangevoer - en aanvaar is! - was dat die gebruik van Engels werksaamhede bespoedig".[62] 'n Paar maande daarna het *Die Vaderland* in 'n hoofartikel oor "die agteruitboerdery van die Afrikanerdom" ook na taalverwaarlosing verwys; wanneer 'n radiosender byvoorbeeld vir oorlogsdiens gekommandeer word, is dit die Afrikaanse diens s'n wat die eerste in beslag geneem word.[63]

Dit was nie alleen die taalverwaarlosing waarteen Afrikaners in die harnas gejaag is nie, maar die optrede teen Afrikaners as sodanig. Aanhouding en internering sonder verhoor het groot bitterheid veroorsaak. Op Saterdagaand 1 Februarie 1941 het soldate aanvalle gedoen op die geboue van *Die Transvaler* en *Die Vaderland* en groot skade aangerig. 'n Paar Afrikaanse boeke is in 1941 en 1942 kragtens noodregulasies wat in die oorlog van krag was, in die ban gedoen. Onreg en onderdrukking is woorde wat partykeer meer sê oor die houding van die taalgebruikers as oor die sake waarna die woorde veronderstel is om te verwys, maar baie Afrikaners het gevoel dat daar onreg en verdrukking gepleeg word.

In 'n nuwe bedeling sal daar 'n einde aan die onreg kom, dit was die algemene gevoel. So kon *Die Oosterlig* na onthullings oor die beweerde afskeep van Afrikaans deur die S.A.U.K skryf: "(N)oudat die Afrikanerdom eerstehandse en bertroubare inligting het oor die stelselmatige onderdrukking van die Afrikaanse gees deur die Uitlander-gees in die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, is hy meer vasberade as ooit om sodra hy die bewind verower, vir eens en altyd 'n end te maak aan die Unionistiese heerskappy in die radiowese. In die Nuwe Suid-Afrika sal skoonskip gemaak word, van bo af tot onder uit. Afrikaans en die Afrikaners sal hul regmatige plek inneem in die radiowese; die Korporasie sal 'n Suid-Afrikaanse instelling word en nie 'n rat bly in die Empire se oorlogsmasjien, soos vandag die geval is nie".[64]

Die benamings "Die Nuwe Taalstryd"[65] en "Die Derde Taalstryd",[66] is van ná die opstelling van die ontwerp-grondwet, maar die gesindheid en toestand wat 'n taalstryd genoodsaak het, het voor 1943 bestaan. In 'n sub-hoofartikel "Die stryd nie volstry nie" gee *Die Burger* 'n opsomming van taalgriewe: "Met die Unie 33 jaar oud, het ons 'n Kabinet die helfte van wie se lede uit Engels-eentaliges bestaan; het ons 'n Staats- en Spoorwegdiens waarin troppe Engels-eentalige amptenare nie alleen te vind is nie, maar selfs herhaaldelik bevorder word; het ons in Kaapland plaaslike bestuurstelsels waarvoor die landswet nie eens vereis dat die amptenare tweetalig moet wees nie; het ons 'n handel waarin die klandisie keer op keer verplig

62. *Die Vaderland,* 18-10-1941
63. *Die Vaderland,* 28-1-1942.
64. *Die Oosterlig,* 4-10-1940.
65. *Die Burger,* 17-3-1943.
66. *Die Burger,* 13-3-1944.

is om Engels te gebruik indien hulle hulle verstaanbaar wil maak; het ons professionele manne wat hul Afrikaanse kliënte of pasiënte nie verstaan nie. Drie-en-dertig jaar nadat Art. 137 wet van die land geword het, kan selde in 'n byeenkoms van sogenaamd opgevoede mense van albei rasse albei tale gebruik word sonder dat 'n deel van die verrigtings vir sommige van die aanwesige Engelse onverstaanbaar is."[67] 'n Groot deel van die politieke stryd was 'n kultuurstryd, veral om die behoud van Afrikaanse enkelmediumskole wat die politiek veral in 1943 en 1944 oorheers het.

Dit alles het verstaanbare ressentiment tot gevolg gehad. Die merkwaardige is dat die wrokgevoelens nooit ernstige afmetings aangeneem het nie. *Die Volksblad* het in een van die sterkste hoofartikels oor taalgelykheid die houding van die nasionale hoofstroom mooi verwoord. Daar is Afrikaners wat vanweë taalonreg van Engelse kant "wraak wil neem deur op hul beurt die Engelse regte in die republiek te verdruk. Maar verdrukking was nog nooit 'n antwoord op verdrukking nie. Inteendeel leer die Christelike geloof ons ons onreg te beantwoord met reg. Want om onreg te stapel op onreg maak van die wêreld 'n hel; en om in 'n land met twee volke beurtelings die een en dan die ander te onderdruk, maar van so 'n land 'n voortdurende hel vir eers die een en dan die ander helfte van die bevolking. So kan die republiek nooit die geluk aan almal bring wat ons self daarvan verwag en ook beloof nie. As die Engelse hier 'n eeu van onreg gebring het, sal dit die onverganklike eer van die Afrikaner wees dat ons hier die eeu van reg ingelui het. Die wraak kom in ieder geval ons nie toe nie, maar die Here alleen. Daarom het die Nasionale leiers, toe hulle in Pretoria oor hierdie fundamentele saak gepraat het, hulle gestel op die regsbodem as enigste rotsbodem vir 'n gelukkig land en volk onder enige bedeling."[68]

Naas die reaksie op die anti-Afrikaanse houding van 'n sekere deel van die Engelssprekende publiek was daar moontlik ook 'n ander verklaring vir die taalartikel van die konsep-grondwet. Dit is by implikasie te vinde in punt (b) van dr. Malan se reeds aangehaalde republiekvoorstel van Januarie 1942 in die Parlement: "(b) dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie maar opgebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies op die beginsels van volksregering soos dit beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse Republieke, met wegbreking egter van alles wat vals en volkskadelik is in die hierbestaande Britse liberalistiese demokrasie en met die nodige aanpassing aan moderne omstandighede". *Die Vaderland* verwys na 'n Afrikaanse koerant wat geskryf het oor "die Afrikanervolk se strewe na 'n Boererepubliek".[69]

Die twee Boererepublieke het Nederlands as hul enigste amptelike taal gehad, hoewel Engels nie-amptelik 'n sterk posisie daar beklee het. 'n Terugkeer na die ideaal van die Boererepublieke het vir sommige republikeinsgesindes moontlik die aanvaarding van die republieke se taalbeleid ingehou.

Billikheidshalwe moet mens daarop wys dat dit nie net die partyleiers was wat afkerig was van die moontlike onderdrukking van Engels nie, maar ook die gewone burgers. Op 'n vergadering van Ossewa-Brandwag-offisiere in 1941 het adv. Jerling op 'n vraag oor taalregte geantwoord dat die taalbepaling in die ontwerp-grondwet van die O.B. "heelwat teenstand" uitgelok het. "Voorlopig is dit verkieslik om die taalkwessie op die lange baan te skuif", het hy gesê.[70] (Hoewel die formulering ietwat onduidelik is, kry mens die indruk dat dit teenstand in O.B.-geledere was.) Artikels in *Die O.B.* het egter teenstrydige strekking gehad. So begin "Aan die Penkoppe" met die woorde: "Ons het twee landstale - Afrikaans en Engels. Die twee het gelyke regte. Hulle is naamlik albei ewe vernaam. Die een is nie minder as die ander nie." Die skrywer gee voorbeelde van taalhandhawing, maar sê nêrens dat Engels geen amptelike status mag beklee nie.[71] In 'n ononderteken de artikel enkele weke daarna word gesê dat die Engelssprekendes hul afsonderlike bestaan as "nasie-

---

67. *Die Burger,* 7-10-1943.
68. *Die Volksblad,* 24-9-1942.
69. *Die Vaderland,* 21-11-1940.
70. I.N.E.G.: PV 158 (J.D. Jerling-versameling), lêer 14. Notule van die eerste laer van Ossewa-Brandwag-offisiere van die Unie en daarbuite, gehou in die stadsaal, Bloemfontein, 13 en 14 Oktober 1941.
71. *Die O.B.,* 11-2-1942.

groep" naas die "Boervolk" moet opgee.[72] In dieselfde uitgawe lui 'n hoofartikel dat die O.B. nie van plan is om aan die Engelse te doen wat hulle aan die Afrikaners gedoen het nie. "As ons dit sou wil doen, sal ons in groot getalle na Engeland moet gaan, die eiland verower en die Engelse taal daar belet of op sy minste op gelyke voet plaas met Afrikaans. Ons regverdiging lê wel tot 'n mate in wat die Engelse doen, maar dan nie wat hulle hier gedoen het of nog doen nie, maar wat hulle in Engeland doen, waar hulle een amptelike taal, een amptelike vlag en een kultuur erken; waar hulle Engelse kan wees en soos Engelse kan optree sonder dat daar 'n ander 'seksie van die bevolking' is wat daaraan aanstoot sal neem."[73]

In die inleiding is opgemerk dat die geskiedenis in 'n mate aktueel is. Daar is, naas die veel groter verskille, enkele parallelle tussen die destydse situasie en die huidige.

Ten eerste was daar, soos tans, die verlange na 'n "nuwe Suid-Afrika" wat blykbaar op die punt gestaan het om in vervulling te gaan. Ten tweede was daar sosialisties gekleurde oogmerke met 'n nuwe Suid-Afrika, en ten derde, by minstens sommige, ook taaloogmerke, onder meer vanweë 'n renons in die sprekers van die heerserstaal. Behalwe die renons was daar 'n begeerte by sommige om wraak te neem. In vergelyking met sommige swart nasionaliste se houding teenoor Afrikaans was die Afrikanernasionaliste nogal mild; Engels sou in elk geval tweede nasionale taal bly en in bepaalde omstandighede dieselfde voorregte as Afrikaans geniet.

Hierdie houding van party Afrikanernasionaliste teenoor Engels is in elk geval deur die vernaamste mondstukke van Afrikanernasionalisme teengestaan. Twee belangrike leiers, dr. Malan en adv. J.G. Strijdom, het dit gerepudieer. Tereg het hulle en die ander leidende figure van Afrikanernasionalisme besef dat die keuse van amptelike eentaligheid "'n nuwe via dolorosa vir geslagte open, 'n pad van smarte, wat geen waaragtige liefhebber van sy vaderland hom kan toewens nie".[74]

---

72. *Die O.B.,* 25-2-1942.
73. *Die O.B.,* 25-2-1942.
74. Herenigde Nasionale Party, *Opmars na die Republiek,* p. 10.

Aantekeninge:

a. Volgens een interpretasie is die Afrikanerparty reeds op 24 Januarie 1940 in Bloemfontein gestig (soos dit in 'n hoofartikel van *Die Vaderland,* 10 Februarie 1941, gestel word). Toe het 'n konferensie van Hertzog-volgelinge in die Vrystat besluit om 'n stap van die Smithfieldse volgelinge van die generaal om die Afrikanerparty op basis van die Hertzog-Havenga-beginsels te stig, bekragtig (*Die Vaderland,* 24-1-1941).
b. Dis nie heeltemal duidelik waarop genl. Hertzog se beswaar gegrond was nie. *Die Burger* het hom later - toe hy kritiek gelewer het op die verwerping van gelyke taalregte - uitgelaat oor die waarborg van gelyke politieke regte. Die koerant skryf dat daar in die stadium net sprake is van gelyke politieke regte van individue. Om aan die twee seksies (Afrikaans- en Engelssprekendes) gelyke politieke regte te gee, sou 'n revolusionêre verandering meebring. Dit sou beteken dat vir elke stap wat die staat doen, die goedkeuring van nie net die volksmeerderheid nodig sou wees nie, maar ook die meerderheid van elke seksie. Konsekwent deurgevoer sou dit dan ook moet meebring dat afsonderlike lede van die Volksraad deur en vir die Engelssprekendes en Afrikaners gekies sou moes word. Die eis, logies toegepas, sou beteken dat 51 persent van die minderheidseksie wetlik 'n stap sou kan belet wat deur die orige 49 persent van hul eie seksie en 100 persent van die ander seksie verlang word. (*Die Burger,* 27-1-1942.
c. In *Die Volksblad* van 22 Julie 1940 voer E. Siebritz en J.C. Kriek redelik oortuigende redes vir die berekening van 70 000 aan in reaksie op *The Friend* van dieselfde dag se laer skatting.
d. Kopieë van die omsendbrief is onder meer in die H.F. Verwoerd- en J. D. Jerling-versamelings in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis te vinde.
e. Die kern van die Cradock-ooreenkoms in die volgende inleidende sin oor die Ooreenkoms tussen die Herenigde Nasionale Party of Volksparty en die Ossewa-Brandwag soos deur dr. D.F. Malan aangekondig op 30 Oktober op Cradock: "Die versekering bestaan dat geen van beide organisasies hom sal inmeng of bemoei met die sake of op die terrein van die ander nie".
f. Artikel 11 (6) lui byvoorbeeld: "Alle natuurlike bronne van die land moet deur die staat in volksdiens gestel word, maar ontginning kan deur wet aan privaat persone of liggame toegelaat word. Die staat moet egter op die utiliteitsbeginsel of andersins sodanige ontginning, nywerheidsonderneming of ander ekonomiese bedrywigheid onder sy beheer neem wanneer die algemene volksbelang dit eis, of wanneer 'n bedryf nie in die beste belang van die Republiek en sy burgers bestuur word nie. Die Staat moet strenge beheer uitoefen oor ekonomiese bedrywighede van landsbelang wat in die hande van onderdane van vreeemde state is." (Herenigde Nasionale Party, *Konsep-grondwet van die Republiek* (Johannesburg, 1942), p. 11).
g. "Rasse-oorheersing" beteken hier oorheersing van Afrikaners oor Engelssprekendes.
h. Die koerant het egter die demokrasie en sy moontlikhede tot hervorming verdedig en selfs 'n lansie gebreek vir die twee Boererepublieke. "The pretence that the old republics had no community with British, Netherlands and North American democracy and that, as a corollary, they bore some resemblance to the Teuton, Latin and Oriental dictatorships of to-day, cannot be sustained. In the Transvaal Republic the relation of burghers, Volksraad and President somewhat resembles that in the United States. It certainly did not resemble that of Hitler and the Nazi Party to Germany in the slightest, and many instances could be adduced of prompt and emphatic protest when any threat of dictatorship showed itself" (*The Star,* 22-1-1942).
i. *Die Volkstem,* Transvaalse ondersteuner van die Verenigde Party, het sarkasties gereageer op *Die Burger* se artikels. As gelyke taal- en kultuurregte 'n N.P.-beginsel is, dan het die party dit "met baie groot sukses verberg". In die praktyk is hierdie beginsel nooit in toepassing gebring nie, terwyl die V.P. dit op sy kongresse en vergaderings uitleef, beweer die blad. Bewys van die suksesvolle toepassing van die beginsel van die V.P. is die "hegte eenheid en ware geluk in die geledere van die party wat albei seksies bevat. Plaas hierteenoor die sprekende teenstelling van verdeeldheid, wanorde, twis en onderlinge verwyte wat vandag die kenmerke is van die verskillende seksies onder ons Nat. vriende." (*Die Volkstem,* 12-2-1942).